

Donderdag 25 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:25-32

Verhouding van 'n getroude man teenoor sy vrou

Die man se nuwe lewe in sy huweliksverhouding word gekenmerk deur sy liefde en vrywillige oorgawe aan sy vrou. Hy moet sy vrou liefhê soos Christus die gemeente liefhet, want hy moet Christus se liefde afbeeld. Die man moet die kruisgebeure oordink en sal dan beseef hoe omvattend hy hom moet opoffer uit liefde vir sy vrou. Liefde beteken tere versorging en eindelose opofferings en om die huweliksmaat hoër te ag as jouself. Drie keer kom die opdrag aan die man om sy vrou lief te hê soos Christus.

Christus se liefde het ook die doel om ons voortdurend te reinig en te heilig, want Hy wy ons meer en meer aan Hom. Christus se liefde laat die kerk soos 'n blom oopgaan. So moet die man se liefde sy vrou se skoonheid as vrou laat oopgaan en elke hindernis uit die weg ruim om haar ware vroulike identiteit uit te leef. Sy liefde moet sy vrou soos 'n blom laat oopgaan sodat haar nuwe identiteit as vrou van die lig helder kan skyn.

Die liefde is heerlik, 'n krag en omvattend, maar moet ook baie prakties wees. Hulle moet hulle vroue liefhê soos hulle eie liggeme. Mans versorg hulle liggeme spontaan en so word die reël dat ons aan 'n ander moet doen soos ons aan onself gedoen wil hê, toege-pas. Daarom voed en versorg die huweliksmaat deur daaglikse ondersteuning, maar ook deur mee te werk aan haar opbou in die geloof. Die diepste verhouding tussen die man en sy vrou is dat hulle één sal wees.

Sing: Skrifberyming 9-4:6

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)